# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332
**Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers
**Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 25 September 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds Pieter van der Walt**

**Tema: Dien ek die Here genoeg?**

Die teksgedeelte vra die belangrike vraag: dien ek die Here genoeg? Ons moet waak om nie te stagneer in ons diens aan die Here nie. Die klem val op twee woordjies: "…nog meer…"

**Lofsang voor die erediens**
Lied 168: 1, 2, 3 en Lied 163

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 149-2: 1, 2; Votum; Groetseën; Sing Ps 104-1: 1, 20, 21: Geloofsbelydenis (12 Artikels); Sing Lied 188: 1, 3 as antwoord op die 12 Artikels

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wetlesing: Deut 5: 1-21; Sing Ps 65-2: 1 as antwoord op die wet; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in die geloof**
Skriflesing: 1 Tessalonisense 3:1 – 4: 12; Teksverse: 1 Tessalonisense 3: 8, 4: 1, 4: 3(a), 4:10(b); Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawes; Sing Ps 116-1: 7, 10; Wegstuurseën; Amenlied: Sb 13-1.

**AANDDIENS: Ds. Pieter van der Walt**

**Tema: Die dag is besig om te breek. Is jy gereed vir die nuwe dag wat kom?**
God se finale aftelling met die oog op Jesus se wederkoms het reeds begin. In ons teks hoor ons die oproep: Wees gereed, die nag is verby, die dag is besig om te breek! Beklee julle met Jesus Christus.Trek die vuil klere uit!

**Lofsang voor die erediens**
Lied 219: 1, 3

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 98-2: 1, 2; Votum; Groetseën; Loflied: Ps 68-1: 13; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in die geloof**
Sing as inleiding tot die Woorddiens:
Sb 12-2: 4, 5
Skriflesing: Romeine 13: 8-14;
Teksverse: Romeine 13:11-14
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawes; Sing: Sb 18-7: 1, 12 (Tweede melodie); Wegstuurseën; Amenlied: Sb 13-2.

Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en GKSA: Sustentasie (Klein boks).

**FOKUSTYD: WEEK 5 - God se gesprek met Jona (en met ons).**

Ons sluit ons fokustyd hierdie week af met 'n Ou-Testamentiese perspektief op ons tema: Stap saam met Christus oor grense na verlore mense! Dit was ook God se opdrag aan Jona binne die Ou Testamentiese konteks. Wat kan ons leer uit hierdie gesprek tussen God en Jona oor hoe ons ons opdrag moet uitvoer?

**MEELEWING**

- Douw Kruger ervaar swak gesondheid. Hy was in die hospitaal opgeneem en het toetse ondergaan. Hulle wag op die uitslag daarvan.
- Ons dink steeds in ons gebede aan Corrie du Plessis en Marie Oosthuizen wat besig is om chemoterapie te ontvang. Mag die Here dit tot gesondheid seën.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis en Annetjie Vermeulen.

**BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK**

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Sap en kuier
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
16:00 - 17:30 Kooroefening
18:00 Aanddiens

**Maandag**
19:00 Huisgeloof: zoom-vergadering

**Dinsdag**
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
Geen Katkisasie

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
Geen Katkisasie

**Donderdag**
19:00 Bybelstudie: Klipdrif

**Vrydag**
Skole sluit
14:00 Kinderfees opslaan

**Saterdag**
09:00 - 12:00 Kinderfees: opslaan

**Maandag - Vrydag**
Kinderfees

**AFKONDIGINGS**

- Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks – Zapper betaal-metode beskikbaar) en GKSA: Sustentasie (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Teol. Studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 26 en 27.

**KERSMARK RESTAURANT VOORBEREIDINGS**

Liewe susters en broeders,

Julle hulp word benodig:
Die gewildheid van ons restaurant tydens die Kersmark bring lekker uitdagings na vore bv. om te sorg dat ons genoeg voorraad per dag

het en dat alles glad verloop. Ons het aan ‘n plan gedink om dit vir almal makliker te maak en nie te veel druk tydens die Kersmark op ons gemeentelede te plaas nie.

Ons beplan om die drie Saterdae-oggende (5,12 en 19 Nov) voor die mark begin, te gebruik om die voorbereidingswerk te doen. Daar moet maalvleis, hoender en kerriemaalvleis gaargemaak word, verpak en gevries word. Ons doen ‘n beroep op julle om asseblief julle hulp aan te bied. Kom ons maak die werk ligter - ook met jou hande! Al kan jy net een Saterdag help, sal dit wonderlik wees!
Kyk uit vir die naamlys in Die Skuur waar jy jou naam en die dag waarop jy kan help, kan opskryf.
Dankie dat ons op jou kan staatmaak.
Die Kersmark Komitee

**VERJAARSDAE**

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 25 September**
Sr Rachel vd Westhuizen

**Maandag, 26 September**
Sr Elma Leijenaar *
Sr Willemien v Rooyen

**Dinsdag, 27 September**
Sr Mariana du Plessis
Sr Kitty Kruger *
Sr Susan Opperman

**Woensdag, 28 September**
Sr Willemien du Plessis
Sr Delene vd Walt *

**Donderdag, 29 September**
Sr Nadia Traut
Jsr Caitlyn vd Walt

**Vrydag, 30 September**
Br Altus Blom

**Saterdag, 1 Oktober**
Sr Chrissie vd Walt
Sr Ansa Venter
Br Frikkie Venter

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae - 75 jaar en ouer

**OOSDOPPERKAMP - vir gesinne met kleiner kinders**

Ouers lees Bybelverhale, leer hul kinders bid en doen saam katkisasie. Veral met klein kindertjies is Bybelstudies en kleingroepbyeenkomste meer chaos as leersaam. Ouers se geloofsgroei gaan staan soms stil.

Ons beplan ‘n kamp vir ouers en kinders en wil hierdie geleentheid gebruik om mekaar te bemoedig, suksesse te deel en ons geloofsgroei weer aan te wakker.

Datum: 28-30 Oktober
Plek: Rietspruitdam Ontspanningsoord
Koste: R200 per gesin vir die naweek
Daar is nog slegs 5 staanplekke beskikbaar.

Vir besprekings en navrae kontak Marlise (0836558145) of Anton (0781141757)

**GKSA-NUUS**

Beroep ontvang
• Ds N (Nikolaas) Pienaar van GK Oos Londen na GK Wolmaransstad.

**TOPIA NUUS VANAF DS JOHANNES AUCAMP**

Die volgende sendingreis het afgeskop:
Ds Johannes het hierdie keer alleen vertrek na Mosambiek asook Malawi. Hy het Woensdag uit Pretoria vertrek en veilig en sonder probleme oor die Beitbrug grens na Zimbabwe gevorder. Ons is dankbaar vir 'n voorspoedige rit en om 2:00 kon hy 'n slaapplekkie by die Bubye rivier vind om bietjie te slaap. Hy reis deur Zimbabwe tot in Mosambiek en later tot in Malawi.

Ons bid ds Johannes 'n veilige reis en geseënde Woordverkondiging en opleidingsesssies toe. Ons bid ook vir die veilige tuisbly van sy gesin.

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

### BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

Turkstra
BAKKERY
Adres: Sol Plaatjiestr. 7
Potchefstroom
Tel: 018 294 4271
E-pos: turkstrabakery@mweb.co.za
Ons bak met passie / We bake with passion



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Roma Visser en groep 6, Hannelie Pieters en groep 14, Marike Grobler groep 24, asook Elsie Buijs en groep 32.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**


## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Des** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |



# OOSD☺PPERTJIES



## DIE LIEFDE volgens die Bybel

### Wat het Johannes oor die liefde gesê?

Lees die verse en antwoord die vrae.

**1. Lees Johannes 13:14.**
Wat beveel Jesus ons om te doen?

**2. Lees 1 Johannes 4:7.**
Van wie kom die liefde af?

**3. Lees 1 Johannes 4:9.**
Hoe het God sy liefde vir ons gewys?

**4. Lees 1 Johannes 4:11.**
Hoekom moet ons vir mekaar lief wees?

### Hoe weet ons dat God ons liefhet?

Voltooi die teksvers deur die letter neer te skryf wat by die prentjie pas.
Lees Johannes 3:16 om te sien of jy al die letters reggekry het.

| d | e | h | m | r | t | y |
|---|---|---|---|---|---|---|

Go_ _ _ _ _i_ wê_ _l_ so li_fg_ _a_

_a_ H_ s_ _nigs_ _ S_un g_g_ _ _ _ _,

so_a_ _i_ wa_ in Ho_ glo,

ni_ v_ _lo_ _ sal gaan ni_

_aa_ _i_ _wig_ l_w_ sal _ê.